# MAAK DIE MENSE MY DISSIPELS

**’n Dissipelskap-program**

**Christo Nel**

## INHOUDSOPGAWE


A. 'N EKSPERIMENTELE OPLEIDINGSPROGRAM .......... 3

**DEEL 1: MAAK DIE MENSE MY DISSIPELS** .......... 8

**DEEL 2: JY IS 'N NUWE MENS** .......... 10

**DEEL 3: EK LEI HULLE MET MY STEM** .......... 12

**DEEL 4: JULLE SAL KRAG ONTVANG AS DIE HEILIGE GEES OOR JULLE KOM** .......... 14

**DEEL 5: LEWE SOOS NUWE MENSE** .......... 17

**DEEL 6: LEWE IN DIE LIG** .......... 21

**DEEL 7: MAAK MENSE MY VOLGELINGE** .......... 25

**DEEL 8: CHRISTEN-WEES IS NIE OM GODSDIENSTIG TE WEES NIE** .......... 27

**DEEL 9: GOD WIL JOU GEBRUIK** .......... 31

**DEEL 10: GEPOSISIONEER VIR OPTIMALE DIENS** .......... 34

**DEEL 11: ONS HUISE AS PODIUM VIR ONS GETUIENIS** .......... 37

**EVALUERING** .......... 40

B. 'N OPLEDINGSPROGRAM VIR GELOWIGES .......... 40

**Inleidend**

Wat hier volg is twee programme wat ek met verloop van tyd uitgewerk het om nuwe bekeerlinge te begelei in dissipelskap.

Die een program is die resultaat van my eie nadenke, en die eerste proeflopie om iets nuuts daar te stel.

Die tweede program is ‘n program waarin ek van reedsbestaande en beproefde material gebruik gemaak het.

Besluit jy maar self watter een jy wil en kan gebruik.

## A. ’N EKSPERIMENTELE OPLEIDINGSPROGRAM

Die uitdaging vir ons tyd is werklik om so effektief moontlik te doen wat Jesus ons gesê het om te doen, naamlik om mense Sy dissipels te maak (Mat 28:19,20).

Maar ook om dit so eenvoudig te doen dat daardie selfde dissipels effektief dieselfde pad met ander nuwe bekeerlinge kan stap. (Veral daar waar ons in gemeenskappe werk waar mense nie die ekstra geld het om ‘n klomp boeke aan te koop nie).

Daarom het ons ‘n eksperimentele program vir dissipel-begeleiding probeer uitwerk wat die minimum papier en opleidingsmateriaal behels, maar wat tog die belangrikste gegewens in ‘n maklik oordraagbare vorm op ‘n bladsy of twee per geleentheid oordra aan die nuwe volgelinge van Jesus.

Elkeen van hierdie 11 dele wat hier volg kan dus op ‘n bladsy of twee per geleentheid gekopiëer word vir die studente.

Skematies behels die dissipelskap-program die volgende:

**ONS CHRISTELIKE LEWE**

**Begin met ‘n geestelike geboorte (Hand 2:38,39)**

1. Bekeer julle

2. Glo

3. Laat julle doop

4. Ontvang die Heilige Gees

Met ander woorde:

Was hulle skoon ... en bekleë hulle dan met Jesus ...

**□□Is ‘n nuwe lewe**

1. Waar ons ons ou lewe (met al ons ou, vrot bagasie) ruil vir ‘n nuwe lewe in Christus

2. En Sy Gees en ‘n oorvloed genade, vergifnis, verlossing, regverdigmaking, genesing, oorwinning ontvang

3. Is ‘n lewe onder die beheer van die Heilige Gees (Gal 5:16-26)

**Binne ‘n geloofsfamilie**

Op grond van ons geloof word ons kinders van die lewende God met Hom as Vader, en kry ons geloofsfamilie (geloofsvaders, -broers en -susters) wat ons moet bystaan en begelei in ons geloofswandel en –groei (Ef 2:17-22)

**Is ‘n ontdekking van ons nuwe identiteit in Jesus**

Hy is ons Verlosser – die geloofsmaal van wyn en brood teken dit gereeld vir ons

Deur Jesus het ons toegang as kinders van God tot die Vader en Sy oorvloedige genade en seën

Daar ontdek ons Sy onvoorwaardelike liefde, getrouheid, versorging en Beskerming

**Is ‘n lewe van navolging van Jesus**

Hy is immers ook ons Here

Daarom is die hart van dissipelskap om te leer om alles te onderhou wat Jesus ons geleer het (Mat 28:19; Jak 1:22)

Ons leer mekaar om te volg, terwyl ons Jesus as Here volg deur die werking van die Heilige Gees in ons (Ef 5:1)

Daar leer ons ‘n lewe wat gekenmerk is deur geloof, hoop en bo alles, liefde (1 Kor 13)

Daar leer ons die lewe van Jesus leef onder die leiding van die Gees se werk in ons lewe (Gal 5:16-26; en die 4 Evangelies)

Christen-wees is ‘n lewe waar Sy Gees ons gees beheer, en ons toelaat dat Hy ons siel en liggaam elke dag meer en meer heilig

Daar in die teenwoordigheid van die Vader leer ons om uit te asem en in te asem (Jak 4:7; 2 Kor 10:4-5; Rom 12:2)

En om op te staan om in gehoorsaam en geloof te gaan doen wat Hy gesê het

**Is ‘n lewe waar ek leer om Sy stem te volg**

Hy lei immers Sy skape deur Sy stem (Joh 10:3,4,27)

Ons leer Sy stem onderskei van die ander stemme

Ons leer Sy stem gehoorsaam

Hy praat op baie maniere met ons

**Is ‘n lewe van liefdesdiens binne die Liggaam van Jesus**

Ons moet leer om mekaar met die bonatuurlike gawes van die Gees te bedien

Die Heilige Gees is in ons, en op ons

Die Gees op ons is die bonatuurlike gawes van die Heilige Gees (Rom 12; 1 Kor 12)

Binne ‘n kokon van liefde vir mekaar (1 Kor 13)

Onder die leiding van die vyfvoudige bedieninge (Ef 4:11-16) van die apostel, profeet, herder, leraar en evangelis

Hulle taak is om die gelowiges toe te rus en op te bou om mekaar en ander te bedien.

So word ons volwasse in Christus Jesus

Daar leer ons ook ons finansiële verantwoordelikheid (2 Kor 8 en 9; Gal 6:6)

**Is ‘n lewe van liefdesdiens teenoor ‘n verloregaande wêreld**

Ons moet leer om ongelowiges met die liefde, genade en krag van Jesus te bedien (Mat 22:37-39; Hand 1:8; Jes 61; Luk 9:1-6)

Vissers van mense (Luk 5:10) vang met die aas van Jesus se liefde, en bou so ‘n brug van vertroue en vriendskap om mense met die Goeie Nuus oor Jesus te bedien (Luk 10:1-7; 12:42)

Praktiese woord-getuienis is om mense te vertel van ...

1. My lewe voor ‘n ontmoeting met Jesus

2. My geestelike geboorte

3. Hoe my lewe verander het

**My Christelike lewe word gekenmerk deur ‘n verandering van Lewenswaardes**

Ek leer God het my lief vir wie ek is en nie omdat ek sekere dinge doen nie

Ek leer ek is kind van God, en nie kneg van God nie

Ek leer om in die voetspore van Jesus ander mense met my lewe te dien

Na ‘n draai in Niemandsland kan God ons gebruik

God is besig om ‘n nuwe geslag bedienaars op te rig

**My huis kan ‘n oefen- en bedieningplek word wat die gemeenskap kan verander**

Onder die sambreel van ‘n lewe van navolging van Jesus, leer ek om in my huis gelowiges as geloofsfamilie te bedien

Kan ons in ons huis-byeenkomste leer om mekaar te bedien en lief te hê

Kan geloofsvaders hulle verantwoordelikheid beoefen om geloofskinders te help groei

Kan geestelike leierskap ontwikkel

Kan ons ‘n gemeenskap wat honger en dors is, begin bedien met lewe

## DEEL 1: MAAK DIE MENSE MY DISSIPELS

**Mat 28:18-20**

- Maak mense My dissipels
- Doop hulle
- Leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle geleer het
- Belofte: Ek sal by julle wees

**Vraag:** Hoe dink jy maak ‘n mens ‘n ander mens ‘n dissipel van Jesus?

Partykeer help dit om by die **eindproduk** te begin

‘n Bybelse prentjie daarvan

- Mat 25:34-40
- Joh 13:34,35
- Joh 15:5-17
- Gal 5:6
- Rom 8:28-30
- 2 Kor 3:5,18
- 2 Kor 4:1-10
- 2 Kor 5:7-10,17- 6:2

**Ef 4:12-16** noem dit “om opgebou te word tot geestelike volwassenheid”

= **om toegerus te word vir bediening**

En daardie **bediening** vind plaas ...

- in die ekklesia of byeenkom saam met ander gelowiges (Ef 4:12-16)
- daar in die gemeenskap waar ons "'n lewe van lig" lewe elke dag (Ef 4:17-5:21)
- in die huwelik (Ef 5:22-33)
- as ouers en kinders teenoor mekaar (Ef 6:1-4)
- in ons werksituasie (Ef 6:5-9)

Onthou: Jesus het gesê: " ... Maak hulle **My dissipels** ..." M a w ...

- Leer hulle **fokus op Jesus** as Verlosser en Here
- **Leer hulle om alles te onderhou** wat Hy gesê het

Ons leer baie keer mense

- Om die Woord te lees en te bid
- Erediens toe te kom

En ...

Dit is net bedoel as die "**steier-werk**" van die gebou wat gebou word.

Die **gebou** is ...

- 'n Liggaam wat gestaan uit mense in verhouding met Jesus
- wat gevorm en toegerus word om herken te word as dissipels van Jesus

## DEEL 2: JY IS 'N NUWE MENS

Toe jy Jesus as Verlosser en Here aanvaar het, het God jou deur Sy Gees nuut gemaak.

Die Bybel teken dit vir ons in wonderlike prentjies soos ...

**Dissipel-wees begin met 'n geestelike geboorte (Hand 2:38-39)**

**1. Bekeer julle**

- Jy was dood as gevolg van sonde (Rom 3:10-18,22-26)
- Erken en bely dit (Gal 5:19-21; 1 Joh 1:9)

**2. Glo in die Here Jesus en jy sal lewe**

- God wil jou 'n nuwe lewe gee (Joh 3:3-16; 10:10b)
- En die lewe is Jesus se lewe deur die werking van Sy Gees in jou (Joh 15:1-17)

**3. Laat jou doop**

- As teken van jou begrafnis (Mat 28:19; Rom 6:3 ev)
- En as teken van jou opstaan en nuwe lewe in Jesus
- In gehoorsaamheid aan Sy Gees in jou (Rom 8:14)

**4. Ontvang die Heilige Gees**

- Glo God wil jou toerus met bonatuurlike krag deur die gawes van die Gees (Luk 24:49; Hand 1:8)
- Om jou te gebruik om ander te bedien (1 Kor 12-14)
- Bid saam met ander gelowiges daarvoor (Luk 11:9-13)

**Jou dissipel-wees begin dus waar jy 2 geskenke in geloof vat**

**1.Jou eerste geskenk**

- Die **lewe van Jesus** wat jou sleutel tot lewe en oorvloed is deur die werking van Sy Gees in jou

**2. Jou tweede geskenk**

- Die toerusting of **salwing van die Gees** op jou

**‘n Dissipel van Jesus is ‘n nuwe mens**

- 2 Kor 5:17
- Ef 2:1-10

**Lewe nou soos ‘n nuwe mens!**

- Gal 5:16-25
- Ef 4:22-24

## DEEL 3: EK LEI HULLE MET MY STEM

**Ons volg Jesus**

- Hy is ons Verlosser – Hy maak ons vry (Luk 4:18,19)
- Maar Hy is ook ons Here – Hom alleen wil ons gehoorsaam

**Hy lei ons deur Sy Gees in ons**

- Joh 14:15-18,26
- Rom 8:9,12-17
- 1 Joh 2:27

**Jesus praat met ons deur Sy Woord**

- Heb 4:12
- 2 Tim 3:16,17
- Ps 119:105

**Hy lei ons deur Sy Gees deur die bediening van die Liggaam**

- Deur ons te bedien deur die gawes van die Gees in die byeenkomste van die ekklesia – 1 Kor 12:1-11,12-13,18; 14:26
- Deur ons te bedien deur die vyfvoudige bediening – Ef 4:11-16

**Leer hulle om My stem te hoor**

- Joh 10:3,4,10b,14,15,27,28

Ons moet Sy stem herken tussen die verskillende stemme

- Jou eie vlees se stem (gedagtes, emosies, drange, wilskeuses) – Jak 1:14; 4:3; Gal 5:16-20
- Die bose se stem – 2 Kor 11:3,14; Ef 6:12
- Die gemeenskap se stem
- Die Heilige Gees se stem (Rom 8:14 ev)

**Maak tyd dat Jesus met jou praat**

- Waar jy alleen is
- Deur in die byeenkomste van die ekklesia te wees - Heb 10:24,25

**Toets dit wat jy hoor**

- Beleef ek vrede – Kol 3:15
- Klop dit met die Woord – Deut 13
- Bevestig die Gees dit deur die Liggaam

**Leer hulle om Sy stem te gehoorsaam**

- Hand 16:6-10

## DEEL 4: JULLE SAL KRAG ONTVANG AS DIE HEILIGE GEES OOR JULLE KOM

Die Griekse woord “dunamis” - wat voorkom in gedeeltes soos **Handelinge 1:8** - verwys na die bonatuurlike krag en vermoëns waarmee die Heilige Gees ware volgelinge van Jesus Christus wil toerus

### 1. ’N NUWE GESLAG BEDIENAARS

Oral oor die wêreld beleef volgelinge van Jesus dat God hulle roep as gewone mense om met die bonatuurlike krag en gawes van die Heilige Gees mense te begin bedien

Sodat die hele wêreld die liefde en genade van God kan beleef waar Hy hulle basiese lewensbehoeftes en –nood bedien. En so bewus kan word van Sy heerikheid, krag en realiteit

### 2. ONS VOORBEELD: JESUS SE EIE LEWE EN BEDIENING

By Sy eie doop is Jesus vir Sy eie bediening toegerus met die bonatuurlike krag van die Heilige Gees

- **Lukas 3:21,22; 4:18-19**

Mense het iets van daardie krag en gawes beleef as Hy hulle bedien het met Sy prediking en lering, maar ook as Hy hulle bedien het met genesing en verlossing van allerlei siektes en demoniese bindinge in hulle lewens

### 3. SY BELOFTE AAN ONS AS SY VOLGELINGE WAS ...

Sy Gees sal in ons kom woon en lewe

- **Johannes 14:16-18; 16:7-16**

Van Pinksterdag af kan elke gelowige volgeling van Jesus weet dat die Heilige Gees in jou liggaam woon

- **Romeine 8:9-16; 1 Korintiërs 6:19,20**

Die Heilige Gees wil jou skoonmaak, vernuwe, genees, restoureer, leer en lei

- **Johannes 16:13-15; Romeine 8:9-16; 12:2**

Hy bewerk die karaktertrekke van Jesus Christus in ons lewens

- **Galasiërs 5:16-26**

Sy Gees wil ook op jou kom om jou te salf of te doop met bonatuurlike vermoëns en gawes om ‘n effektiewe getuie en bedienaar van die Koninkryk van God op aarde te wees

Ons sien dit gebeur in die lewens van die apostels en die duisende gelowige volgelinge van Jesus na Pinksterdag soos wat God belowe het in …

- **Joël 2:28-29**
- **Jesaja 61:1-11**
- **Lukas 24:48-49**
- **Handelinge 1:8**

En dit is beskikbaar vir elke gelowige in elke geslag

- **Handelinge 2:37,38**

### 4. ’N DUNAMIS-ERVARING IN JOU LEWE

Kan jy getuig van so ‘n salwing of toerustingsgebeure in jou lewe waarin jy hierdie krag en gawe-dimensie in jou lewe as getuie en volgeling van Jesus persoonlik beleef het?

- Die Bybel belowe dat dit ook vir jou bedoel is
- Kom na Jesus toe en vra Hom daarvoor (**Johannes 7:38-39; Lukas 11:9-13**)
- Laat toe dat ander gelowiges—wie se lewens hierdie krag-dimensie sigbaar demostreer—vir jou bid en hande oplê (**Handelinge 8:15-17; 9:15-22; 19:1-7**)

**5. GLO DAT GOD DIT OOK VIR JOU BEDOEL HET**

Die salwing of toerusting met die krag en gawes van die Heilige Gees is ‘n geskenk van God aan ons as volgelinge van Jesus

- **Handelinge 2:38-39**

Jesus Christus, as ons Verlosser en Here, is ook die Salwer met die Heilige Gees

- **Lukas 3:16**
- **Handelinge 2:33**

Jy het nodig om hierdie geskenk aan te neem deur dit te vra en dan te glo dat jy dit ontvang het

- **Galasiërs 3:2-5**

Dan moet jy opstaan en beskikbaar wees sodat God jou kan gebruik as getuie en as kanaal om ander te bedien met hierdie bonatuurlike krag en gawes

- **Jesaja 62:1**
- **Romeine 6:12-14**

**6. VERWAG DAN IN GELOOF OM TE SIEN HOE HIERDIE KRAG DEUR JOU NA ANDER SAL VLOEI**

In die vorm van gawes soos profesie, genesing, ‘n hemelse taal, leierskap, bediening, onderskeiding van geeste, lering en wonders wat gebeur

- **Romeine 12:6-8**
- **1 Korintiërs 12:8-10,28**

Wees sensitief vir die stem van Jesus Christus

- **Johannes 10:3,26,27**

Om te hoor hoe, waar en wanneer Hy wil hê dat jy ‘n kanaal moet wees vir die seën van God om na ander toe te vloei

## DEEL 5: LEWE SOOS NUWE MENSE

2 Korintiërs 5:17 sê ’n Christen is ‘n nuwe mens, omdat God jou nuutgemaak het

Johannes 3:3 tot 16 beskryf jou dan as iemand wat weer gebore is

Wat dit eenvoudig beteken is …

### JY WAS DOOD VOORDAT JY ‘N CHRISTEN GEWORD HET

- Fisies het jy gelewe, maar in ‘n geestelike sin was jy dood (Efesiërs 2:1-3)
- Jy was blind en dood vir die realiteit van ‘n lewende God en Sy Woord
- Jy het gerebelleer teen God en Sy planne vir jou lewe
- Jy het jou lewe geleef soos wat jy goed gedink het

### GOD GEE JOU ‘N NUWE LEWE IN GENADE

God gaan met jou ‘n ruil-transaksie aan: Jou ou lewe ruil Hy vir die lewe van Jesus

- Romeine 6:1-14
- Efesiërs 2:4

Hy skenk jou ook Sy Gees om in jou liggaam te kom woon om jou Onderwyser en Berader te wees

- 1 Korintiërs 3:16
- Romeine 8:9-16

En dit is Sy Gees se werk om jou meer en meer te verander dat jy lyk en optree soos Jesus

- 2 Korintiërs 3:18
- Romeine 8:29-30
- Fillipense 1:6

**HIERDIE VERANDERINGSPROSES DUUR VAN DAG TOT DAG TOT DIE EINDE VAN JOU LEWE**

Die mens is gees wat woon in ‘n liggaam, met ‘n siel

- 1 Tessalonisense 5:23

God vernuwe jou gees volkome as Hy jou die geskenk van ‘n nuwe lewe in Jesus gee

Deur die werk van die Heilige Gees in jou, wil Hy jou nou leer om nie meer jou lewe te laat beheer deur jou siel en jou liggaamlike behoeftes en begeertes nie

God wil jou gedagtes en manier van dink verander

- Romeine 12:2

Hy wil al jou emosionele seer en pyn uit die verlede heel en restoureer

Hy wil jou leer om nuwe keuses te maak wat pas by ‘n kind van die Koning van alle konings

En Hy wil jou help om jou liggaam te dissiplineer om op te hou om toe te gee aan ou, siek en sondige gewoontes en begeertes

- Kolossense 3:1-17

**LEWE DAN AS VERLOSTE MENSE**

- Filippense 2:12 and 13

Maak tyd om ‘n intiem-persoonlike liefdesverhouding met God te ontwikkel

Word stil en ontspanne is Sy teenwoordigheid

Wees sensitief vir Sy stem en Sy Woord as Hy jou wil lei en leer deur Sy Gees

Praat met Hom in gebed

Aanbid en loof Hom

Maak tyd om saam met gelowiges byeen te kom

Ontwikkel sterk liefdesverhoudinge met gelowiges in jou nabygeloofsfamilie (soos in jou selgroep)

Moenie van die groter byeenkomste van gelowiges in die Liggaam in jou area wegbly nie

- Hebreërs 10:25

God wil jou bedien - deur middel van ander gelowiges om jou – deur die gawes van Sy Gees

Kies om ‘n lewe van geloof en daaglikse gehoorsaamheid te lewe soos wat God jou wil lei

- Hebreërs 11 en 12
- Jakobus 1:19-2:26

## GOD HET ‘N SPESIFIEKE PLAN VIR JOU LEWE

Toe God jou gevorm en gemaak het, het Hy ‘n baie spesifieke plan vir jou lewe gehad het

- Psalms 139
- Jeremia 1:5

Moenie op jou eie planne en insigte vertrou nie, maar soek God se aangesig en wil vir jou lewe

- Spreuke 3:5-10

God het jou gered uit jou vorige lewe van doodsheid met iets baie spesifiek in gedagte

- Efesiërs 2:10
- Johannes 14:12

Begin om tree vir tree jou lewe in geloof te lewe terwyl jy God vertrou om jou te lei deur Sy Gees en deur Sy Woord

Wees sensitief vir die stem van God in jou lewe - Hy lei jou deur Sy stem

- Johannes 10:3,4,27

Doen elke dag wat jy glo Jesus wil hê jy moet doen

## DEEL 6: LEWE IN DIE LIG

In Jesus het die lewende God ons Vader geword, en ons Sy kinders.

Ons kan getuig van Sy liefde en Sy genade.

- Eks 34:5-8
- Ef 2:4,5

Maar Sy Gees in ons herinner ons ook aan Sy heiligheid. En dring ons om heilig te lewe.

- Ef 4:17 ev
- Heb 12:14

God se Gees in ons is die wonderlikste Berader

Hy het Sy spreekkamer in jou liggaam oopgemaak

- 1 Kor 6:18,19

Om jou en ander te bedien, gaan Hy ...

- Sy Woord
- Sy Gees en gawes
- En die ekklesia-gelowiges in jou lewe gebruik

Sy teenwoordigheid in ons lewe is soos ‘n lig wat elke stuk donker ontbloot en wil verwyder.

Daarom God se oproep:

Maak klaar met die donker uit julle verlede!

- Ef 2: 1 -3
- Ef 4:17 ev

Maak nou ‘n keuse om op te hou lewe soos jy altyd gelewe het

- Ef 4:22-24)

En kies om Sy Gees toe te laat om die Jesus-lewe deur julle te lewe (Ef 5:1 ev)

- In julle verhoudinge met ander mense
- julle huwelike
- ouers en kinders teenoor mekaar
- by die werk ...

Sodat mense julle kan herken as volgelinge van Jesus

Die Gees van God het in ons as volgelinge van Jesus kom woon

IN MY GEES

- Om ons gees te vernuwe en woonplek van die Son van Geregtigheid te maak (Mal 4:2)
- Sodat Sy strale kan begin deurbreek in die res van my lewe

IN MY SIEL

- Hy wil my leer om anders te dink oor myself, oor ander, en oor alles
- rondom my (Rom 12:2)
- Kyk na die prentjie in 2 Kor 10:4 en 5
- Stop elke gedagte en identifiseer waar dit vandaan kom
- Bely die negatiewe, en vervang dit met nuwe, lewegewende positiewe Woord (Ps 42:5,11)
- Dan begin ons emosies ook verander en in lyn kom met God se hart vir ons
- Dan leer ons om gelowige, gehoorsame, Woordgebonde keuses en
- wilsbesluite te maak (Rom 6:12-14)

IN MY LIGGAAM

God se plan is ook om ons liggame te verlos van sondige gewoontes (Rom 8:11; 2 Tess 5:23)

Dissipelskap beteken dus ook ....

1. Maak klaar met die donker, sondige dinge in jou lewe!

2. Laat God toe om die orde in jou lewe en in jou persoonlike verhoudinge te herstel (1 Kor 11:3; Ef 5:21-25)

3. Aanvaar God se beloftes oor Sy totale versorgingsplan vir jou lewe (Mat 6:25-33)

4. Gooi alles uit jou huis en lewe wat die bose 'n vashouplek gegee het

Daar sit onsigbare magte by die "hekke" van mense se lewens

Mat 16:18

Ef 6:12

Gaan proklameer God se oorwinning in Jesus daar

- Ef 3:10

Baie keer is ons probleme nie te wyte aan "duiwels" of "demone" in ons lewe nie, maar net die oorsaak van ons eie ongehoorsaamheid

- Mat 7:21-23

Begin daarom bid: Here, deursoek en reinig ons. Sodat U rivier van lewe deur ons na ander kan begin vloei!

- Joh 7:38,39

En U heerlikheid in ons lewens sigbaar kan word

- 2 Kor 3:18

## DEEL 7: MAAK MENSE MY VOLGELINGE

Doelwit/eindproduk

= Mat 25 ; Gal 5:6; Gal 4:19

Jesus demonstreer ‘n lewe van liefdesdiens aan mense

Doen goed aan mense

Ons is baie keer so besig met baie dinge binne die Liggaam van Jesus, soveel programme

= dit is eintlik bedoel as “steier-werk”

Kom terug na die eintlike dinge

= bou Liggaam van Jesus op tot geestelike volwassenheid (Ef 4:16)

Leer mense om volgelinge van Jesus te word deur ons na te volg

Leer hulle om ‘n Jesus-kwaliteit-lewe prakties te lewe

- As manne en vroue in huwelik
- As ouers en kinders
- By die werk en in gemeenskap
- Binne geloofsfamilies in Liggaam

Dissipelskap is dus allernoodsaaklik in elke nuwe Christen se lewe

Begin leer gelowiges “eintlike” dinge

= fondasie

Deur ‘n leerproses

Wat begin by ‘n honger of behoefte

Met die Woord as ons padkaart

Deur gelowiges met ‘n salwing□□

Met deurgaans ruimte vir gesprek en die bonatuurlike bediening van die Heilige Gees

Die selbediening is deel van hierdie proses

= Nog ‘n leer– en oefenplek

- Waar mense leer om mekaar te vertrou en lief te kry
- En leer om mense te bedien met die gawes van die Gees

## DEEL 8: CHRISTEN-WEES IS NIE OM GODSDIENSTIG TE WEES NIE

Ek glo die uitdaging van ons tyd is om die ware God te ontdek sonder om net weer godsdienstig te wees

Om die eerlike waarheid vir jou te vertel:

Ek haat godsdiens, maar is bereid om my lewe te gee vir egte Christen-wees

**NOU MAAR WAT IS DIE VERSKIL?**

Kom ek getuig uit my eie ervaring

- My lewe voordat ek Christen geword het
- My persoonlike ontmoeting met Jesus
- Dit het my hele lewe verander

Die Christendom word gereken as maar net nog ‘n godsdiens, maar eintlik kan jy godsdienstig wees sonder dat jy ‘n Christen is

**1. GOD SE BEDOELING**

Die God van die Bybel fokus nie op godsdiens of ‘n goeie morele lewe nie

Sy hart is om ‘n intiem, persoonlike liefdesverhouding te hê met elke mens dag vir dag

En Hy wil hê dat ons gesonde liefdesverhoudings moet hê met mekaar en met onsself

Hy wil hê dat ons moet ophou voorgee— en ontdek en erken wie ons regtig is, sodat Hy ons kan help

Hy wil ons heelmaak— en van die binnekant af begin ...

Dit is waarom Christen-wees nie ‘n stel reëls is nie

Dit is ‘n mens wie se lewe verander het omdat hy of sy aangeraak is deur God se genade, liefde, aanvaarding en vergifnis

Dit is die sleutel tot ‘n lewe van oorvloed in elke deel van jou lewe

- **Johannes 3:16**
- **Johannes 10:10b**

## 2. DIE MENS SE PROBLEEM

Ons staar ons baie keer blind teen die uiterlike dinge, maar die hart van ons probleem lê binne-in ons: Sonde

- **Romeine 3:10**

Sonde is nie om verkeerde en skadelike dinge te doen nie

Dit is ‘n totale onvermoë om aan God se standaard vir ware mens-wees te kan beantwoord

Dit loop in ons are.

Die simptome daarvan is bitterheid, trots, jaloesie, en vele ander vorms van negatiewe gedrag

Maar dit is ook om nie die dinge te doen wat ons weet ons behoort te doen nie

Sonde vernietig ‘n mens en veroorsaak soveel pyn, lyding, verdriet, siekte en geestelike dood

- **Romeine 6:23**

Soveel so dat ons werklik nodig het dat God ons eers moet herstel voordat ons kan reageer op Sy liefde

## 3. CHRISTUS JESUS IS DIE ANTWOORD

As gevolg van sonde, het ons almal ‘n geestelike doodsheid en leegheid hier in ons

Net die ware God kan ons werklik met die lewe en rus vul

Om ons tegemoet te kom in ons nood, het God Sy sondelose Seun, Jesus Christus na hierdie aarde gestuur

Hy het aan ‘n kruis in ons plek gesterf om so die volle straf vir ons sonde namens ons te dra, naamlik die dood

Hy is die enigste pad terug na God toe

En die enigste brug na werklike ewige lewe toe

- **Handelinge 4:12**
- **Johannes 10:9,10**

Hy is die enigste Middelaar tussen God en mens

- **1 Timoteus 2:3-6**

Omdat Hy totaal sonder sonde was, kon Hy kwalifiseer om vir ons sondes te sterf

**4. GOD SE UITNODIGING**

Is jy gewillig om God se onvoorwaardelike kwytskelding te aanvaar?

Hoe?

Deur jou sondes te bely – Hy wil jou heeltemal vergewe

- **1 Johannes 1:9**

Deur jou te bekeer– om te draai van jou sondige en selfsugtige wyse van lewe om voortaan God en Sy wil vir jou lewe na te volg

- **Markus 1:15**

Deur te glo - Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word

- **Handelinge 16:31**

Deur Sy beloftes vir jou aan te neem - Aanvaar Sy belofte dat Hy jou aangeneem het as Sy kind en jy so deel geword het van Sy familie met ‘n reg tot jou erfenis in Jesus

- **Johannes 1:12**

**5. HIER IS JOU VERSEKERING**

As jy met jou hart glo en met jou mond bely dat Jesus die Here is ...

- **Romeine 10:9**

Kan jy weet jy is ‘n ware Christen

Jy het die geskenk van geestelike en ewige lewe

- **1 Johannes 5:11-13**

Jy is ‘n kind van God en deel van Sy familie

- **Johannes 1:12**

Dit is wat God belowe

Aanvaar dit in geloof en moenie op jou gevoelens staat maak nie

Gevoelens verander deurentyd, maar God se Woord verander nooit

## DEEL 9: GOD WIL JOU GEBRUIK

**Jy het nuwe familie: Geloofsfamilie**

**Toe jy ‘n Christen geword het, het jy ‘n kind van die lewende God geword**

Met God as jou Vader

En elke ander Christengelowige het jou broer of suster geword

Jy het dus ‘n reuse nuwe geloofsfamilie bygekry

En die bloed van Jesus Christus bind julle aan mekaar

**Leer om hulle lief te hê**

Jesus Christus wat in jou woon deur Sy Gees, wil hulle deur jou liefhê

Hoor hoe sê Hy dit in Joh 13:34,35

Die liefde teenoor mekaar, gaan vir die wêreld die kenmerk wees dat julle volgelinge van Jesus is

Nog ‘n prentjie van hierdie liefde kry ons daar in 1 Kor 13

Hierdie liefde is baie prakties:

- Ons sorg vir mekaar (Hand 4:32-35)
- Ons bou mekaar op (Rom 15:2; 1 Kor 14:3)
- Ons dra mekaar se laste
- Ons bedien mekaar (1 Kor 12, 13 en 14)
- Ons vergewe mekaar
- Ons is geduldig met mekaar

**Om lief te hê moet ons tyd met mekaar spandeer**

Die Bybel noem ons ‘n gesin of familie (Ef 2:19-22)

Met pa’s, jongmense en kinders (1 Joh 2:12-14)

Wat byeenkom om mekaar te bedien (1 Kor 14:26)

- In huise
- En groter byeenkomste van die ekklesia

Met die doel …

- Om mekaar met groot liefde te bedien met die gawes van die Gees (1 Kor 12 –14)
- Om mekaar op te bou en toe te rus (Ef 4:11-16)
- Om die Here saam te loof (Ef 5:19,20)
- Om saam te bid en te soek na God se planne (Ef 1:17-23)
- Om saam die liefdesmaal van brood en wyn te gebruik (1 Kor 11:23-34)

**Jy is God se nuwe geslag bedienaar**

- 1 Pet 2:9,10

Geroep om koning,priester en profeet te wees

Ja, ook jy!

Daarvoor het Hy Sy Gees gegee

Om in jou te woon

En op jou te wees

Hy wil jou gebruik!

Jy is geroep om ‘n “oikonomos” te wees (God se “bankbestuurder”)

- Luk 12:42

Wat God se kanaal is op Sy bevel

Om op die regte tyd

By die regte adres

Die regte kos af te lewer

- 1 Kor 4:1,2
- 1 Pet 4:10

## DEEL 10: GEPOSISIONEER VIR OPTIMALE DIENS

**God het ‘n spesifieke plan vir jou lewe**

- Ef 2:9,10

Daarvoor hoef jy nie ‘n dominee of pastoor te word nie

Wees jy maar net beskikbaar daar waar Hy vir jou ‘n verhoog gegee het

In jou gesin en familie

Tussen jou vriende

Daar by die werk

Teenoor elkeen wat jou pad kruis

Wees jy maar net sensitief vir die stem van die Heilige Gees in jou

Hy sal jou sê hoe, waar en wanneer Hy jou wil gebruik

**Onthou, jy is ‘n oikonomos!**

- Luk 12:42

Met ‘n invloedsfeer waar God jou spesifiek wil gebruik

**Jou invloedsfeer**

Kom ons dink ‘n bietjie oor jou invloedsfeer (jou oikos)

Met hoeveel mense spandeer jy meer as 60 minute altesaam in ‘n gewone week?

Wie is hulle almal? (Maak ‘n lys)

Hoeveel van hulle is Christene?

En hoeveel is doodgewoon godsdienstige mense of totaal ongelowige mense?

**Opsoek na ‘n man of vrou of tiener “opsoek na vrede”**

- Luk 10:5-9

Hierdie mense het gewoonlik 3 kenmerke:

Hulle is positief teenoor of ontvanklik vir die Evangelieboodskap

Hulle het ‘n reputasie onder mense wat mense na die Evangelie kan trek

Hulle kan die draers van die Evangelie aan die groter groep bekendstel

**As ons nie tyd saam met mense spandeer nie, is daar nie tyd ...**

- Om werklik brue na mense se harte en lewens te bou
- Om hulle behoeftes te bedien en gemeenskaplike belangstellings te ontwikkel nie
- Om aan ‘n vertrouensverhouding met hulle te bou nie
- Om hulle geleentheid te gee om ons werklik te leer ken nie
- Om hulle geleentheid te gee om iets te sien van die veranderinge wat God in ons lewens bewerk het nie
- Sodat hulle die regte vrae kan vra wat jou die “reg” gee om hulle in Jesus se Naam te bedien nie

**Besef jy dat jou huis ‘n bedieningsplek kan wees?**

**Vertrou die Here om vir jou te wys hoe jy ‘n verskil kan maak in die mense wat jy ken se lewens**

Maak ‘n keuse om tyd met hulle te spandeer met die gebed dat God jou sal gebruik om Sy koninkryk te laat kom

Maak ‘n keuse om alles wat jy het hiervoor beskikbaar te stel

Sien in jou gees hoe jy saam met ‘n paar vriende weekliks ‘n paar ure in jou huis saam kuier met Jesus as julle “Gasheer”

## DEEL 11: ONS HUISE AS PODIUM VIR ONS GETUIENIS

“Wees My getuies “ ... teenoor ‘n hele wêreld (Mat 28:19,20; Hand 1:8)

**Van die begin af was gelowiges se huise ...**

- ‘n wonderlike bedieningsplek (Hand 2:46; 5:42; Rom 16:5; 1 Kor 16:19)
- ‘n Uitdrukking van liefdevolle saamwees en die ware Christelike lewe
- Deel van die ondersteuningstelsel van die Liggaam (Ef 4:11-16)
- Die gimnasium waar gelowiges geleer het om mekaar lief te hê

**So ‘n saamwees het ten minste 5 elemente:**

**1. Dit is “M-EATING-S”**

Daar het gelowiges saamgeëet

Hulle het dit by Jesus geleer

God self is daar ons Gas – daarom noem hulle dit selfs die “Here se ete”

(Hand 2:26; 1 Kor 11:33)

Aan tafel deel ons lewe en God se genade aan ons

Daar eet ons saam as geloofsfamilie aan die tafel van ons Hemelse Vader

Die ekklesia is nou een familie oor alle grense heen

**2. Daar leer ons mekaar OM TE GEHOORSAAM**

In die tipies-Joodse gesin is die vader die onderwyser rondom die etenstafel

Daar wys ons mekaar hoe om dinge te doen of te hanteer

Dit gaan nie in die eerste plek oor nog kennis nie

Dit gaan oor ‘n lewe van navolging van Jesus

Dit gaan oor doen van die Woord (Mat 28:19,20; Rom 1:5; Jak 1:19-26)

Daarom voer ons mekaar met die Woord deur kort geselsies en ontspanne gesprekke

Sodat ons almal kan groei tot volwassenheid en meer kan vertoon van die beeld van Jesus

**3. Hier DEEL ONS materiële en geestelike seën**

Kyk maar na Hand 2:44-45; 5:32-34

Hier leer ons om te werk dat ons almal genoeg kan hê (1 Tess 4:11,12; 2 Tess 3:6-10)

Hier leer ons alles behoort aan God en aan mekaar

Dat dit nie gaan oor hoeveel ek gee nie, maar hoekom ek moet terughou (Hand 4:32-35)

Daarom bedien ons mekaar ook hier met geestelike seën (1 Kor 14:26; Ef 5:19; 2 Tim 2:2)

Onthou die toets van Christenwees: Mat 25:31-46

**4. Hier BID ONS VIR MEKAAR**

Hier bid ons vir mekaar, vir die owerhede en vir vrede (Hand 2:42; Fil 4:6,7)

Hier ontdek ons gebed is ‘n dialoog met God, Hy met ons en ons met Hom (Amos 3:7; en deur profesie – 1 Kor 14:29)

So gee God Sy opdragte en deurbrake

Hier bid ons vir mekaar se sondes (Jak 5:16)

**5. Ons huis as VERTOONVENSTER teenoor ‘n ongelowige gemeenskap**

Kyk maar hoeveel keer het Jesus ongelowige mense bedien in huise (Luk 5:27-32; 7:36-50

God se hart is dat daar so ‘n vertoonvenster van Sy genade, liefde en heerlikheid sal wees binne stap-afstand van elke mens op aarde

Waar mense Jesus as lewende Here kan ontmoet

## EVALUERING

Ons begeerte is om die beste dissipelskap-program moontlik te ontwikkel. Help ons daarmee deur dit wat aangebied word eerlik te evalueer, en positiewe voorstelle op die tafel te sit.

**1. Bepunt die volgende deur ‘n punt van 1 tot 10 daaraan toe te ken waar 1 PATETIES en 10 ONVERBETERLIK verteenwoordig.**

- Die aanbiedinge beantwoord aan my verwagting
- Die materiaal is net wat ek nodig het om ‘n nuwe bekeerling mee te help
- Daar is genoeg tyd vir interaksie en groepsbespreking

**2. Gee vir ons ‘n aanduiding of ons aan die formaat moet verander deur byvoorbeeld ...**

- Meer geleenthede te skep vir die groepslede om van die aanbiedinge self aan te bied
- Stadiger deur die materiaal te beweeg en die kursus langer te maak as net 10/11 weke
- Meer doelbewus struktuur aan die kursus te gee

Wat dink jy? Help ons met jou eerlike mening of voorstel.

Dankie

## B. ’N OPLEDINGSPROGRAM VIR GELOWIGES

BREË RAAMWERK

1. ‘n Basiese opleidingsprogram

2. Verdere aanvullende opleiding

## 1. BASIESE OPLEIDINGSPROGRAM

Die bedoeling is om ‘n eenvoudige opleidingsprogram daar te stel wat gebruik kan word in die Liggaam van gelowiges in die dorp of stad onder alle taalgroepe

- Waardeur elke nuwe bekeerling onmiddellik opgevang word in ‘n nuwe geloofsfamilie in ‘n sel
- □□en begelei word om binne ‘n paar maande die evangelie effektief te
- bedien aan ongelowiges
- en instaat gestel word om self nuwe bekeerlinge te begelei in basiese dissipelskap.

Die program **strek oor 3 maande**, en kan dus **3 of 4 keer per jaar herhaal** word.

Die program word tans gebruik in die sogenaamde Jetro-model-Selgemeentes wêreldwyd, en is verfyn deur die Little Falls Christensentrum, Roodepoort.

Die 8 boekies wat gebruik word is in beide **Afrikaans en Engels** beskikbaar en kos **R80** vir die hele stel.

(Daar is ook aangepaste materiaal beskikbaar vir Nederduitste Gereformeerde lidmate).

### Basiese Opleidingsiklis

### PROSES 1

Nuwe bekeerling word onmiddellik ingeskakel by ‘n selgroep.

Aan elke bekeerling word ‘n begeleier toegewys wat hom of haar moet begelei om die betrokke materiaal – en dit wat nog wag - deur te werk en te bemeester.

In **4 weke** word die materiaal van **WELKOM IN U NUWE FAMILIE** deurgewerk.

Dit word afgerond deur die **1e OPLEIDINGSNAWEEK** wat strek van Saterdagoggend 7:30 tot Middagete waar **GEESTELIKE ORIËNTASIE NAWEEK** gehanteer word.

**PROSES 2**

In 2 weke word die **GEESTELIKE OORWINNINGSGIDS** se materiaal gehanteer.

En dit word afgerond deur ‘n **2e OPLEIDINGSNAWEEK** wat strek van Vrydagaand 7:00 tot die Saterdagmiddagete waartydens die **GEESTELIKE OORWINNINGNAWEEK** se materiaal hanteer word.

**PROSES 3**

In 2 weke word **BEREIK DIE VERLORENES** se materiaal hanteer.

En dit word afgerond met die **3e OPLEIDINGSNAWEEK** wat strek van die Vrydagaand 7:00 tot Saterdag met middagete. Die boekie **EVANGELISASIE NAWEEK** word gehanteer.

**PROSES 4**

In 2 weke word die materiaal van **ONTWIKKEL U LEIERSKAPVERMOË** gehanteer.

En dit word afgerond met die **4e OPLEIDINGSNAWEEK** waartydens **KAMPIOENE NAWEEK** se materiaal bespreek word. Die hart van hierdie materiaal is om elke persoon toe te rus om ‘n nuwe selgroep van hulle eie te fasiliteer.

**2. VERDERE AANVULLENDE OPLEIDING**

Daar is werklik ‘n magdom seminare en kursusmateriaal beskikbaar wat gebruik kan word om gelowiges verder toe te rus.

Die volgende kan dien as voorbeelde:

- Die ALFA-video-kursus – geskik om gelowiges en ongelowiges te begelei in die basiese Bybelse waarhede oor die Bybel, God, Jesus Christus, redding, die Heilige Gees, ens. Daar is ‘n kursus vir volwassenes en vir tieners apart beskikbaar
- Walk thru the Bible se kursus oor die Ou Testament en Nuwe Testament vir volwassenes en kinders
- Walk thru the Bible se A BIBLICAL PORTRAIT OF MARRIAGE

Verskeie beradingskursusse is beskikbaar

- SKOOL VIR VERHOUDINGSGROEI – ‘n aangepaste kursus oor Bybelse volwasse menswees
- CALLED TO AWAKEN THE LAYMEN – ‘n kursus oor die fundamentele Bybelse waarhede en dissipelskap

Verskeie leierskursusse is beskikbaar om geestelike leiers verder te begelei

- SEVEN PROMISES OF A PROMISE KEEPER – ‘n begeleidingskursus vir gelowige manne

Verskeie kursusse vir sakemanne en -vroue is beskikbaar oor Bybelse rentmeesterskap en goeie finansiële bestuur

Geskryf deur Christo Nel

Tel 021-851 0003

Sel 0827702397

nchristo@lantic.net

www.nuwewyn.co.za